

TOOLBOX VIR SOMERSAAGEBIED

VOOR PAARTYD:

- RAMME
 - Gesond (ent en doseer)
 - Spuit Multimin en Vit A & E
 - Skeer, knip hoewe en horings
 - Goeie kondisie (voeding) en fiks (oefen)
 - Toets semen, dekbeheerigheid & libido

(Skrotumomtrek van 15 mnde oud ramme moet 30 tot 35 cm wees)
(Vermey ramme met sagte, pap testes -> 50 % het swak kwaliteit semen)

 - Vervang minstens 25 % jaarliks

- OOIE
 - Gesond (ent en doseer)
 - Spuit Multimin en Vit A & E
 - Goeie kondisie (prikkelvoeding, begin vroeër met jongooie)
 - Mikskeer
 - Ondersoek uiers
 - Plaas 3% koggelramme vir 8 dae by

Prikkelvoeding van teelooie (vanaf ± 3 weke voor paring vir ± 6 weke)

Prikkelvoeding van skraal ooie kan lampersentasie met 10 tot 20 % verhoog.

- Lam % van ooie in 'n goeie kondisie was 150 % vs. 110 % van skraal ooie (Robertson, 2005: Australia)
- Om prikkelvoeding te spaar, moet ooie met speen in minstens twee groepe volgens kondisie (skraal vs. goeie) verdeel word, eersgenoemde moet dan op beter weiding geplaas word om kondisie te herwin - prikkelvoeding van ooie reeds in goeie kondisie is minder doeltreffend
 - ▶ Ooie wat met paring in massa toeneem, is meer geneig om tweeling te produseer as dié wat massa handhaaf of verloor
 - ▶ Besetting en ovulasietempo neem af indien ooie kort voor prikkelperiode massa verloor

TEIKENKONDISIE EN -MASSA

- ▶ Uitstekende kondisie met paring (3.5 KP)
- ▶ Sodra ooie swaarder as 'n kritieke massa is, neem aantal tweeling toe, normaalweg styg lam % met ± 1.5 % vir elke 1 kg wat ooie swaarder is met paring

PRIKKELVOEDING (vanaf 3 weke voor paring vir 6 weke)

- ▶ Spaarkampe en/of produksielekke (250 – 400 g/ooi/dag) (bv. Sjokoladegraan of lekke)

SCAN

Scan ooie 42-60 dae na die ramme uit is.

Aksie op resultate: Skei troppe en bestuur jou meerlinge vir lamoorlewing en herkonsepsie. Klas droë ooie uit.

VOOR LAMTYD: (laaste 6 weke van dragtigheid)

- OOIE
 - Voeding – Hoë peil (aanvulling/lekke)
 - 70% van foetus ontwikkel in dié tyd
 - Eierweefselontwikkeling, en
 - Primêre wolfollikel ontwikkeling vind plaas.
 - Melkproduksie word hier bepaal
 - Verhoed domsiekte
 - Gesondheid
 - Ent teen blou-uier
 - Ent teen bloednier
 - Vit A,D,E
 - Doseer
 - Bestuur
 - Mikskeer
 - Skeer uiers skoon

LAMTYD:

- OOIE
 - Voeding – Hoë peil (aanvulling/lekke)

(Het ook effek op vrugbaarheid volgende paartyd, want eierstokherstel vind direk na lam plaas)
Sekondêre wolfollikelontwikkeling sluit hier af – dus NB vir maksimum wolproduksie oor die dier se leeftyd.

 - Teling
 - Merk droë ooie
 - Merk ooie met min melk / foutiewe uiers
 - Merk ooie met swak moederseienskappe
 - Merk ooie met tweeling
 - Gesondheid
 - Uiers
 - Bestuur
 - Groepgrootte (hoe jonger, hoe minder in groep; groepeer groepe soos ouer word)
 - Skaduwee
 - Hantering en beweging (stadig en kalm)
 - Kampe
 - Toesig
- LAMMERS
 - Voeding – Hoë peil (kruipvoeding)
 - Teling
 - ID tweeling
 - Gesondheid
 - Ent en doseer
 - Bestuur - Hantering en beweging
 - Merk, sterte afsit en kastreer
 - “Soog-en-droog” tegniek

KONSULTANTE:

VOEDING: Dr Jasper Coetzee

Hendrik van Pletzen (Voermol)

DIEREGESONDHEID: Dr Dave Mitchley

Dr Ariena Shepherd (Bergville)

Dr Danie Odendaal

Dr Chris van Dijk (Zoetis)

ALGEMENE BESTUUR: Dr Hannes de Villiers

